NG GEMEENTE KATHU

AANKONDIGINGS 9 Junie 2019

Ek en jy, as gestuurde gemeente, dien die Here
met vreugde deur by mekaar en by ander betrokke te wees.

☎ **053 723 1071** **skriba@ngkathu.co.za** **www.ngkathu.co.za**

Oggenddiens 09:30 | Aanddiens 18:30
Pinksterfees: Saam op reis met ’n Jesus-hart

Leraar: Ds Heinrich Viljoen
Teks: Eseg 47:12, Jes 57:14-19
Tema: Herstel

Woordverkondiging in die ander gemeentes:
Olifantshoek: Ds André de Villiers
Deben: Ds Schalk van Schalkwyk

Deurkollekte vandag:
Kerkfondse

Belangrike datums vir die week en maand

9 Pinksterfees	09:30
9 Nagmaal	09:30 & 18:30
12 Doopgesprek	18:00
16 GEEN AANDDIENS	

Gekoppelde leraars in Deben en Olifantshoek

Maandae:
Ds Schalk van Schalkwyk is 13:00-21:00 in Deben.

Dinsdae: Ds Schalk van Schalkwyk is 08:00-13:00 in Deben. Ds André de Villiers is voldag in Olifantshoek.

Welkom aan die nuwe lidmate

Ons hoop dat jy gou tuis sal voel in ons gemeente en betrokke sal raak by ons aktiwiteite. Tydens die erediens sal jy ’n pakkie ontvang met ’n vorm vir nuwe lidmate, wat jy asseblief vir ons moet voltooi. As jy enige vrae oor die gemeente het, is jy welkom om te vra!

Kom drink gerus ’n koppie koffie of tee by ons selfbedien-stasie
Soggens drink ons koffie/tee NÁ die diens en saans drink ons koffie/tee VÓÓR die diens.
*Aanddiens: Ons vra dat lidmate asb by die teetafels koffie drink en nie in die banke nie.

Baie dankie vir die pragtige blomme in die erediens.

Gebedslys

Ons bid:

- Vir Hanna Hager (voorheen van Kathu) wat ernstig siek is met kanker.
- Dit gaan beter met Alta Boshoff se kleinkind, die koors het gebreek.
- Dit gaan beter met Elsa van Rensburg se voet ná die operasie.
- Vir Louis Knoesen, Mariëtte van Niekerk se pa. Ons bid vir die familie veral vir Daleen, vir wysheid, vrede en krag wat mag nodig wees op fisieke, sielkundige en geestelike gebied in hierdie moeilike tyd van Louis se siekte.
- Vir herlewing in ons harte en ook in ons gemeente.
- Vir onderwysers en leerders met die eksamen.
- Vir verslaafdes van dwelm-, alkohol- en afhanklikheidsmiddels vir totale verlossing.

"Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring was op Hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." – Jesaja 53:5

7 days on the wall – 24/7-gebedsgeleentheid vanaf 3-9 Junie

Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het aan die 24/7-gebedsgeleentheid.

Toer: Klein Karoo en Overberg in walvistyd aangebied deur Savanna Toere

Die Goue Gerwe toer vanaf **4-11 Oktober 2019** en jy kan saamgaan! 'n Pragtige 8-dag toer deur die wonderlike natuurskoon van die Klein Karoo en Suid-Kaap, met die opwinding van reuse walvisse in Hermanus. Koste: R9 300 per persoon. **Dag 1:** Vertrek vanaf Kathu via Bloemfontein na Beaufort-Wes. **Dag 2:** Oudtshoorn. **Dag 3:** Roete 62, Calitzdorp, Ladismith en Swellendam. **Dag 4:** Montagu, Langeberge, Bonnievale, Stormsvlei, Stanford en Hermanus. **Dag 5:** Hermanus. **Dag 6:** Kaap Agulhas, Bredasdorp, Swellendam, Mosselbaai, George en Wildernis. Dag 7: George, Outeniekwapas, Graaff Reinet en Colesberg. Dag 8: Terug na Kathu. Ingesluit: Luukse busvervoer, goeie gehalte en suite-akkommodasie, 2 etes per dag, toepaslike toegangsfooie, portierfooitjies, kundige toerleier. **Uitgesluit:** Etes nie gespesifiseer, opsionele aktwiteite, eie uitgawes, verversings en drankies. Vir meer inligting, kontak Poppie Landman by 084 326 1168.

Afhanklik van drank, dwelms of iets dergeliks?

Die CAD (ondersteuningsgroep vir middelafhanklikes en hul gesinne) vergader Woensdae 18:30 by **Kristalstraat 9**. Enigiemand is welkom. Vir navrae, kontak Henriëtte Husselman 072 239 2361.

10/40 Nooduitreik
Ons vertrek 10 Julie na Turkye. Bybelverspreiding, Jesusfilms en gebed. Kom wees deel van die Koninkryk. Ons het nog plek vir 2 mense in ons span. Bybels kan geborg word teen R30 of Jesusfilms teen R20. Kontak Susan vd Berg by 084 701 0894.

Volwasse kategese
Is jy ’n volwassene wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie? Volwasse kategese begin weer een van die dae.
Kontak asb die kerkkantoor by 053 723 1071 as jy wil inskakel.

Klerebehoeftes vir Barmhartigheid asb
Enige klere is baie welkom by die klerestoor, maar veral wintersklere. Ons het ook asb ’n baie groot behoefte vir kleiner mansklere tussen groottes 28-36. Kinderklere is ook altyd welkom.

Verlore items en vleiskratte

Almal wat ná die Herfsfees en die ander funksies nog bakke en ander verlore items by die kerk gelos het, kan dit gerus by die kombuisdeur kom afhaal. Ons is asb ook nog op soek na verlore vleiskratte ná die fees.

Bouwerk en verfwerk
Vir enige bouwerk, verfwerk, plaveisel en insit van teëls, kontak vir Stephen van Wyk by 063 014 6937.

Broodtags asseblief
Johanna Verwey samel die plastiek broodtags vir iemand in. Bring dit asb vir ons kerkkantoor toe as jy van dit versamel.

Verkies tot die Kerkraad

Blokkerkraad: Diakens – Ferdi Goussard, Richard Wolstenholme, Naomi Hoon, Marien van Eeden, Elsje Greeff. Ouderlinge – Hugo Schreuder, Lynette Janse van Rensburg, Dawid van der Berg, Maria van der Linde, Ben Burger, Riaan Kernekamp, Dihan Janse van Rensburg en Rozette Kemp.
Sentrale Kerkraad: Hugo Schreuder word herkies tot die Sentrale Kerkraad.

Barmhartigheidsmaand 2019

Babasakke:
Augustus is Barmhartigheidsmaand en ons wil graag die hele gemeente by die aktiwiteite betrek. Hoewel ons heeljaar met Barmhartigheid besig is, fokus ons in hierdie maand op spesifieke aksies en bewusmaking. Die eerste projek is die insameling van **babasakke** vir minderbevoorregte ma’s. Die sakke word hoofsaaklik by Kuruman se staatshospitaal uitgedeel, maar ook aan plaaslike behoeftige ma’s van wie ons weet. Neem gerus ’n sak by die inligtingstafel. Daar is ’n lysie binne-in met dit waarmee ons graag die sakke wil vul. Ons benodig eers die sakke teen einde Augustus, maar as jou sak gevul is, is jy welkom om die kerk of kerkkantoor toe te bring.

Uitstappie na Bergenrus Ouetehuis:
Daar word ook ’n kuiertjie by **Bergenrus Ouetehuis** in Olifantshoek beplan vir Saterdag 24 Augustus. Kom saam asseblief! Ons wil graag weer vir die bejaardes elkeen ’n klein geskenkie saamneem, asook iets kleins vir die personeel. Ons neem ook eetgoed saam vir teetyd. Nie-bederfbare produkte soos ontbytpap is ook baie welkom, asook skoonmaakmiddels. Die week voor die kuiertjie sal ons ook vars vrugte en groente insamel. Vir meer inligting of as jy wil saamgaan, kontak Maretha Meiring by 072 399 6025.

Verjaardae vir die week

Sondag 9 Junie

Marietjie	Smit
Martie	Erasmus
Carel	Van Wyk
Stephen	Van Aswegen
Blake	Faber
Dihan	Pienaar

Maandag 10 Junie

Annelie	Van Schalkwyk
Hendrik	Griessel
Sihle	Bukhosini
Jaydon	Hechter
Andries (Jnr)	De Beer

Dinsdag 11 Junie

Jo	Rossouw
Kappie	Whitehead
Louise	Botha
Elandi	Viljoen
Marsy	Botha
Cloé	Van Dyk

Woensdag 12 Junie

Dries	J v Vuuren
Jacques	Brink
Andriesa	Du Toit
Dawie	Lombaard
Lia Mari	Van der Walt

Donderdag 13 Junie

Tops	Van Der Linde
Magda	Holtzhausen
Marietha	Steyn
Leani	Dörfling
Divan	Theron
Mia	Kotze
Michael	Le Roux
Cronjé	Botha
Lara	Rathbone
Elias	Laubscher

Vrydag 14 Junie

Willem	Bothma
Van Zyl	J v Rensburg
Erika	Viljoen
Desiré	Verwey
Anél	Dercksen
FB	Agenbag
Andries	Van Tonder
Johan	Le Grange
Janhendrik	Hiscock
Hendrik	Strydom
Kian	Coetzee

Saterdag 15 Junie

Chris	Van Eeden
Sharlmaine	Richardson
Jacques	Kotzee
Malcolm	Erasmus
Marizel	Coetzee
Chantenique	Barnard

Lekker verjaar!

BELANGRIKE INLIGTING

Kerkkantoor

☎ 053 723 1071

💻 skriba@ngkathu.co.za /
kassier@ngkathu.co.za

Kantoorure:

Maandag tot Vrydag: 08:00-13:00

Bankbesonderhede:

Vir Dankoffers:

NG Gemeente Kathu

ABSA Tjekrekening Kathu

Rek 1990 590 024

Vir die BOUFONDS:

NG Gemeente no 2

ABSA Kathu

Rek 1990 146 086

vind ons op facebook

LERAARS

Ds André de Villiers – Blok A

Missionale Bediening,
Kommunikasie en Finansies

☎ 084 679 3274

💻 andre@ngkathu.co.za

Ds Heinrich Viljoen – Blok B

Jeugbediening en Kleingroepe

☎ 082 352 6611

💻 heinrich@ngkathu.co.za

Ds Schalk van Schalkwyk – Blok C

Blokbediening, Barmhartigheid,

Nuwe lidmate en Eiendom

☎ 084 673 1075

💻 schalk@ngkathu.co.za